Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 31 Mei 1950 Prys 3d. No. 27

# RHODESIË REËL VIR MEER BRITTE

**Sedert April verlede jaar toe die immigrante-stroom uit die Unie na Suid-Rhodesië dié uit Brittanje plotseling met byna 150 vir die maand oortref het, terwyl laasgenoemde vir die eerste kwartaal daardie jaar nog met nagenoeg 200 gemiddeld per maand voorgeloop het, het daar onrus in die Britse harte van Rhodesië ontstaan, want die oorgrote meerderheid van die nuwe intrekkers uit die Unie was Afrikaners. Hierdie onrus het die afgelope maande byna tot 'n histerie aangegroei namate die stroom uit die Unie dikker en dié uit Brittanje dunner gevloei het. Die syfers vir die eerste kwartaal hierdie jaar toon byna dubbel soveel uit die Unie as uit Brittanje, naamlik 2,528 en 1,191 onderskeidelik.**

**Verlede week het die Suid-Rhodesiese minister van binnelandse sake 'n maatreël by die parlement ingedien wat ten doel het om die verhouding so om te ruil dat Britse immigrante veel eerder as Unie-burgers die gebied sal binnekom.**

Met die stelling dat dit nie in die belang van Suidelike Afrika is dat 'n bevolking van die een gebied na die ander verskuif nie, het T. H. W. Beadle aangekondig dat die nuwe skema as eerste stap beoog die voorsiening van gelyke immigrasie-waarborg vir almal. Werkgewers wat immigrante uit Brittanje laat kom sal voortaan dieselfde bedrag, naamlik £100, wat op Suid-Afrikaanse immigrante van toepassing is, moet waarborg. Voorheen het hulle weens die hoër resiko ten opsigte van oorsese immigrante voorkeur aan Suid-Afrikaners gegee, word verklaar. **Hierdeur word gehoop dat dit makliker vir werkgewers gemaak word om voorkeur aan Britte te gee.**

### OOREENKOMS

Die tweede stap om immigrasie uit Brittanje te bevorder staan in verband met reëlings wat getref is met die 1820 Memorial Settlers' Association waarvolgens laasgenoemde immigrante in Brittanje sal vind en waarborge met betrekking tot hulle sal verskaf. **Ten gevolge hiervan sal werkgewers wat Britse immigrante in diens neem, nie nodig hê om 'n deposito te betaal nie. Dit sal dus vir hulle 'n aansporing wees om voorkeur aan Britte te verleen.**

'n Derde stap is die daarstelling van komitees van die 1820 Settler's Association in alle dorpe wat met werkgewers in verbinding sal tree ten opsigte van immigrante wat in diens geneem kan word.

# Rhodesiër Maak Aanspraak Op Protektoraat

**'n Waarskuwing aan die Unie dat Suid-Rhodesië net soveel belangstel in die Betsjoeanalandse Protektoraat en dat hierdie gebied op 'n nippertjie na deel van Suid-Rhodesië onder die ou Chartered Company was, is verlede week uitgespreek deur die onderburgemeester van Bulawayo, kol. C. M. Newman.**

Hy het gesê dat Suid-Rhodesië billike en onontkombare belang by die protektoraat het wat vir 400 myl oor sy westelike grens strek. „Blote wensdenkery en wenspratery aan die kant van dr. Malan kan hierdie belang nie uitwis nie. Miskien vergeet dr. Malan dat Suid-Rhodesië nie 'n onderworpe kolonie van die Unie is nie, maar 'n selfbesturende kolonie waarbinne hy geen seggenskap het nie".

Die kolonel onderburgemeester het ook die aanspraak van die Unie soos vasgelê binne die Suid-Afrika-wet betwis deur te beweer dat die betrokke klousule geen belofte bevat nie, maar slegs die bepaling dat dit by die Unie ingelyf kan word alleen as die kroon daartoe besluit. 'n Dergelike klousule het voorsiening vir die inlywing van Suid-Rhodesië gemaak, maar laasgenoemde het anders besluit, aldus die betoog.

## *Verjaardae!*

Die maand wat vandag eindig was die partypolitieke verjaardagmaand.


Op 1 Mei het mnr. N. C. Havenga, die leier van die Afrikanerparty, die ouderdom van 68 jaar bereik.

Op 22 Mei het dr. D. F. Malan, die leier van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, 76 jaar oud geword.

Op 24 Mei het veldm. J. C. Smuts, die leier van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, sy 80ste geboortedag herdenk.

Op 26 Mei was die tweeling — die regering en die Opposisie — twee jaar oud.

## Herontmoeting Met Vrou



**'n Duitse krygsgevangene eindelik terug uit Rusland. (Kyk berig op bladsy ses).**

# *Repatriasie Of Verpligte Skeiding Van Asiate*

## Aanbeveling Van Komitees

**Die gesamentlike verslag van die twee komitees (Transvaal en Natal) wat op die kwessie van grondbesit deur Asiate ingegaan het, is aan die Volksraad voorgelê. In die verslag word verklaar dat die grondtema van die getuienis dwarsdeur die jare was en nog is repatriasie of anders verpligte segregasie. In die jongste getuienis is daar 'n besliste neiging te bespeur dat die tema die vorm aanneem van repatriasie en, in afwagting daarop, verpligte segregasie.**

**In sy mees gevorderde vorm lui hierdie tema: repatriasie of anders verpligte segregasie, gepaard met boikot om repatriasie teweeg te bring.**

Die komitees verklaar dat hul voorstelle aan die een kant die moontlikheid van repatriasie nie te veel in gevaar bring nie en aan die ander kant die nodige doen om die huidige toestand doeltreffend die hoof te bied. Daar bestaan geen twyfel dat repatriasie die beste oplossing van die Asiatiese vraagstuk is nie.

### TOTALE APARTHEID

In gebreke van, of in afwagting op repartriasie, moet die huidige toestand egter kragdadig aangepak word as burgerlike beroering ten gevolge van spanning en stryd tussen rasse voorkom moet word.

**Die komitees sien geen ander weg oop om hierdie doel te bereik nie as deur wetgewing wat vir totale territoriale segregasie van die rassegroepe voorsiening maak sodat homogene rassegroepsgebiede mettertyd teweeggebring sal word. Daar is twee sienswyses wat algehele segregasie betref.**

Die een is dat die onderskeie rassegroepe in taamlik groot gebiede afgesonder moet word met die moontlikheid dat hierdie groot gebiede uiteindelik afsonderlike nie-blanke state onder die opperheerskappy van die Unie sal word.

Die ander is dat daar algehele territoriale segregasie op 'n klein skaal moet wees, veral in die stedelike gebiede ten einde die vraagstuk van die binnegedronge gebiede op te los.

### BOTS NIE

Die gevolg van hierdie proses sal wees dat daar binne afsienbare tyd homogene nie-blanke groepsgebiede in en om die dorpe sal ontstaan.

Wat die Unie as geheel betref, sal hierdie gebiede noodwendig talryk, maar betreklik klein wees. Hierdie twee sienswyses is nie onderling onverenigbaar nie en die een kan as die uiteindelike doel en gevolg van die ander beskou word.

Die getuienis toon nie dat wat nou verlang word min en groot gebiede is nie. Die openbare mening het nog nie so ver gevorder nie. Die komitees meen dat genoeg klein gebiede nodig is om binnegedronge terrein op te ruim.

### HANDELAARS

**Die komitees verklaar dat die kwessie van Asiate-handelaars in plattelandse gebiede baie besorgdheid verwek. Daar bestaan geen twyfel nie dat daar te veel sulke handelaars is en dat hul getal verminder moet word.**

As die komitees se aanbevelinge aanvaar word, dan is die enigste manier om hierdie doel te bereik dat 'n dorpsgebied geproklameer moet word op plekke waar die getal handelaars verminder moet word.

Hierdie prosedure mag ongeskik wees en derhalwe wil die komitees aan die hand doen dat gebiede „omskrywe" moet kan word. Hierdie „omskrywing" kan dan vaslê dat ná 'n bepaalde datum persele in die gebied nie as handelspersele gebruik mag word tensy daartoe 'n permit verleen is nie.

# Konferensie Oor Aansporingslone

**Na afloop van die huidige parlementsitting sal die Minister van Arbeid, mnr. Ben Schoeman, 'n konferensie belê om met verteenwoordigers van die Kamer van Nywerheid en van die Vakbonde te beraadslaag oor die stigting van produksiekomitees in die Suid-Afrikaanse nywerhede. Dit is 'n stap in die veldtog van die departement om die algemene produksiepeil van die land op te stoot.**

Sedert die departement in Oktober 1948 begin het om die stelsel van aansporingskemas in die nywerhede te propageer is dit reeds aanvaar in die tekstielnywerheid, die rubbernywerheid, die skoen- en klerebedrywe, die mynwese en die ingenieurswese, het mnr. A. D. Lee, sekretaris van Arbeid, verklaar. Die stelsel is ongetwyfeld 'n sukses waar dit in werking is.

### HOËR LONE

Statistiek toon dat werkers in die tekstielnywerheid waar die stelsel van toepassing is, voorheen gemiddeld £4/9/- per week verdien het (lewensduurtetoelae ingesluit). Tans verdien hulle gemiddeld £7/2/7 per week — 'n loonsvermeerdering van sestig persent. Bogenoemde is kragtens 'n groep-aansporingskema, en het betrekking op fabriekswerkers in weefafdelings oor 'n tydperk van 'n jaar.

In 'n leerfabriek waar die indiwiduele aansporingskema geld, het werkers se lone gestyg met ses persent tot tweehonder persent. So het een persoon wat voorheen £23/11/5 verdien het, sy loon opgestoot tot £70/19/8.

### TEENSTAND WYK

In 'n fabriek wat gloeilampe vervaardig, het werkers se lone toegeneem met enigiets van 29 tot 57 persent; in 'n klerefabriek met 30 persent, en in 'n buiteband-fabriek met enigiets van tussen 71 en 134 persent. In die eerste en laaste gevalle is die indiwiduele aansporingstelsels van krag.

Werkers vrees nie langer uitbuiting deur werkgewers soos onder die ou stukwerkstelsel nie, sê mnr. Lee. Daarvoor het hulle vier waarborge, naamlik die produksiekomitees wat kragtens 'n onderlinge ooreenkoms tussen werkgewer en werknemers tot stand gebring word, die minimum-loonskale wat ingestel is, die vakbonde wat oor hul belange waak, en ten slotte die Minister van Arbeid. By die meeste is die voordele van aansporingskemas egter nog nie tuis gebring nie.

DIE O.B., WOENSDAG, 31 MEI 1950

# STAATSMANSKAP

By geleentheid van sy tagtigste verjaardag verlede Woensdag het genl. Smuts sekere wyse advies met betrekking tot Duitsland aan die wêreld ter oorweging gegee — advies wat vyf jaar gelede deur heelwat dowwer ligte ook aangebied was, maar met die enigste gevolg dat hulle hulself die beskuldiging van „nazi-gesindheid" op die hals gehaal het. As egter in aanmerking geneem word dat 'n liggaam soos die Olimpiese Komitee nog nie eens kans sien om Duitsland in 1952 na die wêreldsportbyeenkoms uit te nooi nie, terwyl reeds drie onbeantwoorde uitnodigings aan Rusland gestuur is, dan moet besef word dat oorlogshaat 'n taai dood sterf, en soveel te meer in die boesems van politiek-gedrewenes, en dan kan daar miskien 'n menslike toegewing gemaak word vir die dwaasheid wat die „wyse staatsmanne" van vandag begaan het vyf en ses jaar gelede toe genl. Smuts die wapens van Stalin geseën en Winston Churchill — volgens genl. Smuts „die magtigste stem in die wêreld" — by sy afskeid van „premier" Stalin hierdie ateïstiese despoot toegebid het: „God behoed u!"

**Maar omdat staatsmanskap juis daardeur gekenmerk word dat hy hom nie deur kleinlike haat laat vasnael nie, vrees ons dat nie een van die sogenaamde „Grotes" wat in 1945 die helfte van Duitsland en Pole, vir wie se onafhanklikheid die oorlog verklaar is, aan Stalin uitgelewer het, die toets van ware grootheid sal kan deurstaan nie. Grootheid word nie in die kalme atmosfeer van burgerlike funksies getoets nie, maar in die hitte van hartstogte wanneer dit nodig is om ver vooruit te kyk en reddende rigting te gee uit die malinge van verdwaasde mense.**

### VERANTWOORDELIKHEID

Dat genl. Smuts van groot geestelike formaat is, wil ons geensins betwis nie, en ons misgun hom hoegenaamd nie die hulde op sy oudag vir 'n lang en bedrywige loopbaan nie, **maar die waarheid van die geskiedenis en die hoë nood van ons tyd wat die regstreekse vrug is van genl. Smuts en sy Westerse vriende se staatsmanskap, eis dat die foute en verantwoordelikhede van hierdie manne nie oordek durf word deur oordrewe lof nie.**

**Manne soos Smuts, Churchill, Roosevelt en tot 'n mate Truman, wat daarvoor verantwoordelik is dat „Europa in die ernstigste gevaar verkeer", durf nie so ligtelik deur die regbank van die geskiedenis oorgesien word wanneer ander staatsmanne vir hul dwaashede aan die hande van hierdie selfde staatsmansry met hul lewens geboet het nie.**

Hierdie „ernstige gevaar" waarin Europa vandag verkeer vyf jaar na 'n oorlog wat aangegaan is juis om Europa van gevare te bevry, is die resultaat van 'n beleid van blinde haat wat hom onder meer daarin geopenbaar het dat onvoorwaardelike oorgawe van 'n verslaande vyand geëis is selfs in die aangesig van die opmars van die „Oosterse kolos" — genl. Smuts se beskrywing in daardie tyd.

Vandag praat genl. Smuts van die noodsaaklikheid van Duitsland vir die Westerse verdediging, **maar hierdie woorde sou vyf jaar gelede, toe Duitsland nog as geheel by die Weste ingeskakel kon word, grond vir soveel hoër lof kon gewees het, veral daar hierdie advies toe binne bestek van die moontlike geval het.** Maar in plaas daarvan het genl. Smuts en sy vriende met 'n vriendskapsgebaar teruggetree om die Oosterse hordes toe te laat om Oos-Duitsland te beset.

Vandag beklaag genl. Smuts die feit dat hierdie deel van Duitsland gedoem is tot satellietskap van die Sowjet, en dan beroep hy hom in die late uur op „'n verbeeldingryke staatsmanskap" om die „huidige ingewikkelde dog swangere toestand" die hoof te bied, **maar diegene wat vyf jaar gelede al hierdie voor die handliggende wysheid verkondig het, gaan nog steeds deur vir „fasciste" — politiek-onaanraakbares.**

# Gebruik Sielkunde

Die uitspraak van die appèlhof verlede week in verband met die regulasie wat voorsiening maak vir blanke spoorwegwaens op Kaapse voorstedelike treine, het 'n feit onderstreep wat deur ons wetgewers nie ligtelik opsy gestoot mag word nie. Dit is wel waar, soos die Minister van Spoorweë se verklaring die volgende dag gelui het, dat hierdie regulasie sedertdien in die wetgewing opgeneem is en dus nie meer weerspreek kan word nie, maar dit verander niks aan die beginsel wat op die spel is nie — sowel hier as op ander gebiede waar die beleid van segregasie toegepas word — **daardie beginsel naamlik dat ons vir die nie-blankes moet gun wat ons vir onself eis.**

Met uitsondering van die kortsigtigste elemente onder die blanke bevolking wat glo dat die witman sy baasskap met die sambok op die nie-blanke moet en kan afdwing, sal daar baie min mense wees wat sal ontken dat dit wenslik is dat 'n kleurbeleid, van watter aard ookal, met die grootste mate van vrede deurgevoer moet word. Staatsmanskap vereis so 'n optrede net soos dit ook beslistheid en ferme konsekwensie vereis. Ons moet baie duidelik onderskei tussen beleid en toepassing. **Beleid kan, en in hierdie geval moet dit radikaal wees, maar die toepassing moet taktvol geskied. Dit is dikwels nie wát 'n mens sê of doen wat aanstoot gee nie, maar hoe 'n mens dit sê of doen.** In die

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

handelswêreld word daar in sommige sake lesings gehou oor verkoopsmetodes. Die man wat op die pad gaan om allerlei ware aan die publiek te verkoop, word deeglik op hoogte gebring van die sielkundige wapens wat by sy werk te pas kom. Hierdie mense het geleer dat jy met 'n regte sielkundige benadering van jou klandisie nie net veel makliker 'n artikel van die hand gesit kry nie, maar dat jy 'n tevrede klant nalaat op wie se ondersteuning jy in die toekoms weer kan reken. **Wat 'n mens aanvaar of afwys hang tot 'n baie groot mate af van die geestelike instelling op 'n bepaalde oomblik, en dit is dan die taak van die aanbieder om eers hierdie geestelike instelling reg te stel en die res volg heel maklik.**

**Is dit dan nie net so noodsaaklik en nog meer so dat ons staatsmanne ook hul politieke beleid met meer sielkundige wetenskaplikheid aanbied by diegene wat daardeur geraak word nie?**

### HAAL ANGEL UIT

**Hoeveel van die angel sal nie uit die beleid van segregasie verwyder wees as die nie-blanke bemerk dat nie net die witman teen nie-blanke indringing, maar ook die nie-blanke teen blanke indringing beskerm word?** Ongelukkig was en is dit nie die geval op die Spoorweë en 'n hele aantal ander plekke waar segregasie of apartheid ingevoer is nie. Die witman het sy gereserveerde waens maar daar is geen waens net vir nie-blankes beskikbaar nie, **en dieselfde witman wat baie hard protesteer as 'n Kleurling langs hom kom sit, sal, as dit vir hom geriefliker is, met die grootste ongeërgdheid hom gaan neervly op die sitplek van 'n ongereserveerde wa langs 'n Kleurling.**

As ons beswaar het dat nie-blankes by ons ry, behoort ons ook beswaar te hê om by nie-blankes te gaan ry, en omdat daar altyd diegene is wat gerief bo beginsel stel, is dit wenslik dat die owerheid die segregasiemaatreëls na twee kante toe laat sny. Alleen sodoende kan ons hoop om die nie-blanke te laat glo dat ons onder 'n beleid van segregasie ook sy belange in ag wil neem.

# BRITTE SOEK OPLOSSING VAN KLEURVRAAGSTUK IN VERMENGING

**Uit Londen word berig dat die Britse regering weens verontrusting oor die uitbreiding van, en ontevredenheid en smerigheid binne die nie-blanke dele van Londen en baie van die Britse hawens en stede, vir aanstaande maand 'n konferensie belê het van maatskaplike en kerklike werkers om die vraagstuk te bespreek.**

**Die oplossing waaraan die Britse regering dink is om die nie-blanke immigrante-groepe op te breek en hulle onder die bevolking te versprei deur middel van werk- en huisvestingverskaffing.**

**Dit sal gepaard gaan met 'n oorreding van eienaresse van losieshuise om hul deure oop te stel vir nie-blankes en om die kleurslagboom oral op te hef waar dit deur werkers of werkgewers gehandhaaf word.**

**Brittanje word op die oomblik oorstroom deur sy swart onderdane uit Nigerië, die Goudkus en Somalieland wat verhale hoor van Britse welvaart. Hulle kom soms in troppe van tot 15 op 'n slag aan. Aanvanklik ontvang hulle £1 10s. per week van die staat vir onderhoud nadat hulle 'n maand in die tronk deurgebring het weens onwettige binnekoms. Dan word daar vir hulle werk gesoek en las hulle gewoonlik aan by die bestaande nie-blanke nedersettings.**

**Nou wil die regering hulle dwarsdeur die land versprei in goedgesinde huise sodat hulle opgeneem kan word in die land se maatskaplike samestelling, word verklaar.**

## Mag Van 500 A-Bomwerpers

Uit Washington word berig dat die Amerikaanse strategiese bomwerpermag tans uit 500 vliegtuie bestaan wat almal in staat is om atoombomme te dra. Volgens die Noord-Atlantiese verdedigingsplan sal hierdie bomwerpermag gebruik word vir langafstand-aanvalle.

## Beswaar Teen Russe Se Duitse Leër

Protesnotas is verlede week deur Amerika, Brittanje en Frankryk aan Rusland gestuur waarin die ontbinding van die Oos-Duitse gemilitariseerde polisiemag geëis word. Rusland word beskuldig dat hy vyf ooreenkomste verbreek het deur die stigting van hierdie mag van 50,000 gewapende man.

Die notas verklaar dat dit nie 'n gewone polisiemag is nie, maar dat dit basiese infanterie-, artillerie- en tenk-opleiding ontvang en met militêre wapens toegerus is. Dit moet dus as 'n militêre mag beskou word.

# DUITSERS HERWIN BELANGSTELLING

(ONS DUITSE KORRESPONDENT)

**Ontwikkelinge in die weke wat die onlangs gehoue Londense konferensie van ministers van buitelandse sake vooraf gegaan het, en wat 'n nuwe fase in die Amerikaanse Duitsland-politiek aandui, het die politieke afsydigheid wat gevolg het op die Potsdamse onmag en innerlike nood van die Duitse volk, plotsling laat wyk vir 'n skerphorende belangstelling op die gebied van buitelandse politiek.**

Terwyl daar in Duitsland geesdriftige steun bestaan vir die Schuman-plan vir saamskakeling van die staal- en steenkoolbedrywe van Frankryk en Duitsland — wat ooreenstem met dr. Adenauer se herhaalde dog vergeefse pogings om Europa onder een dak te bring — is verbasing en teleurstelling uitgespreek dat hierdie saak nie deur die Londense konferensie van ministers van buitelandse sake in hul uitgereikte verklaring vervat was nie.

In hierdie voorstel word die eerste stap na 'n Europese bond gesien, dit wil sê 'n magsapparaat wat vry van vrees en wantroue deur ekonomiese solidariteit tot 'n werklike en snelle versterking van Europa teen die Kommunisme sal bydra. Daarenteen bestaan die vrees dat 'n te sterke binding, veral op militêre gebied aan Amerika, die gevaar van 'n Sowjet-aggressie sou kan uitlok, waarby veral gedink word aan die feit dat Duitsland in twee verdeel is. Die afwysende houding wat Duitsland totnogtoe teen 'n herbewapening getoon het — en wat na verklaar word, die sterkste indruk sedert 1945 in Amerika gemaak het — blyk hom langsamerhand tot 'n duideliker insig in buitelandse politieke en militêre werklikhede in die Duitse volk te vestig.

### SAMESPREKINGS

Reeds tien dae na die aankondiging van die plan is twee vooraanstaande Franse, t.w. die voormalige eerste minister, Renaud, en 'n bekende ekonoom, Monnet, na Bonn gestuur as bewys dat dit die Franse erns is om tot 'n spoedige verwesenliking van die plan te kom. Ongelukkig het die leier van die Duitse opposisieparty, dr. Schumacher so weinig belangstelling getoon dat hy 'n partyvergadering verkies het bo 'n afspraak met die Franse verteenwoordigers.

### ENGELSE HOUDING

**Dat ook die Engelse Arbeidersbewind nie veel geesdrif sou openbaar vir die idee van 'n gesamentlike Duits-Franse staal- en steenkoolproduksie nie, was vir Duitsland, waar hulle die Europese „goodwill" van die Engelse tot bedankens toe leer ken het, geen verrassing nie. Moontlik kan so 'n ekonomiese blokvorming onvermydelik ook die muur laat ineenstort waaragter Engeland, wat die Europese idee betref, hom altyd met sy selfsugtige sorge verskans het, in plaas van hom te bekommer oor die vraag hoe die vrye wêreld sterk genoeg gemaak kan word om vir goed met die Kommunisme af te reken.**

### LIGPUNT

Die punt in die Schuman-plan wat gelyke voorwaardes vir alle werkers beoog, sal die kanse vir die versterking van die Europese apparaat geweldig kan verhoog. Die groot getalle werkloses van die verskillende lande wat tot die plan mag toetree sal ingeskakel kan word in 'n konstruktiewe arbeidsproses, en die vlugtelingsvraagstuk, wat lankal geen Duitse vraagstuk meer is nie, sal dan saam met baie ander Europese vraagstukke opgelos kan word.

# Diskriminasie Is Hoofvraag Voor a.s. A.P.-Kongres In Julie

**In 'n hoofartikel oor die aanstaande kongres van die Afrikanerparty stel die Vaderland die vraag of dit raadsaam is om onbepaald te bly diskrimineer tussen Afrikaners wat almal dieselfde pad bewandel. Die blad skryf dat dit die groot vraag is wat op Julie se kongres uitgemaak sal moet word. Die artikel lui:**

Die oproep het uitgegaan vir 'n nuwe kongres van die Afrikanerparty. Op 25 en 26 Julie word daar vergader in Bloemfontein. Die keuse sal ongetwyfeld in die smaak val van afgevaardigdes van ver af, wat maar moeilik die lang reis na die Rand die vorige keer kon aflê en wat, ná die onvermydelike uitstel van verlede jaar se kongres, brand van verlange vir die geleentheid om weer gedagtes te wissel.

### HOLTE VAN HUL HAND

„Die Afrikanerparty klim maar selde voor op die wa. Dit neem egter nie weg nie dat hy in stilte 'n groot en gewigtige taak baie na aan verwesenliking gebring het. **Mnr. Havenga het sy plaas verlaat allereers om die broederstryd te beëindig en sodoende rassevrede te bewerkstellig.** Die gewigtigheid van sy roeping is oral gevoel, met die gevolg dat hy, van die tien kandidate wat hy by die algemene verkiesing twee jaar gelede gestel het, nege verkiesies gesien het. Hierdie nege man het, dikwels onder moeilike omstandighede, die dank van alle Nasionaalvoelendes verdien; **want ofskoon hulle die Regering in die holte van hulle hand hou, het hulle maar een trou geken: die beëindiging van die broederstryd.** Nie eens die teleurstellings — en hier gaan die gedagtes vanself terug na die Provinsiale verkiesings en die opofferings wat toe opnuut geverg, en gebring, is — het vermag om Afrikanereenheid te verongeluk nie. So 'n prestasie is niks geringer nie omdat dit nie aldag van die dakke af uitgebasiun word nie.

### DIE LEIER

„Die klein bende dra 'n leier in die persoon van mnr. Havenga op wie die hele land trots is. Sy dienste, veral op finansiële gebied, bly onvolprese. Maar hy het homself diens van 'n nog hoër rang ten doel gestel. Hy het tot die politiek teruggekeer in die geloof, soos hy dit op Brakpan uitgedruk het, dat „generaal Hertzog nog steeds kragtig spreek tot 'n groot volksmassa: dat (sy) nasionalisme uiteindelik tot hom kan en sal aantrek steeds groter wordende getalle van ons mede-Afrikaners." Met trots durf mnr. Havenga vandag terugkyk op die afgelope twee jaar se samewerking, en dit was van die hartlikste tussen die leiers. Wie is daar wat kan sê dat hy 'n halfduim van sy koers hoef af te gewyk het?

### BRANDPUNT

**„Daar bly natuurlik moeilikhede oor: maar in die lig van die gesindheid waarin reeds teengekome moeilikhede opgelos is, is daar alle rede om aan te neem dat ook nuwe struikelblokke te verwyder sal wees. En waar dit so is, ontstaan die vraag duidelik: Is dit raadsaam om onbepaald te bly diskrimineer tussen Afrikaners wat almal dieselfde pad bewandel? Hier het ons die groot vraag wat op Julie se kongres uitgemaak sal moet word."**

## Pirow Oor Koalisie

Adv. Oswald Pirow verklaar in sy weeklikse nuusbrief dat koalisie tussen die partye nie 'n onnatuurlike iets sal wees nie want die Nattes en die Sappe verskil amper nie meer wat praktiese politiek betref nie. Hy beskou egter die gerugte oor 'n vroeë algemene verkiesing, omdat die regeringsparty swak sou vaar in die Suidwes-verkiesings, as onsin. Die regering sal nie swak vaar nie, meen hy, en „buitendien weet die regering dat hy vandag deur middel van 'n algemene verkiesing sy posisie slegs kan verswak. Hulle meerderheid kan maklik met vyftig of vyf-en-sewentig persent verminder word."

### GEEN VERSKIL

„Vir hierdie agteruitgang is die Regering self verantwoordelik. Die Ministers het hulle gaandeweg meer met partyaangeleenthede as met landsake besig gehou. Daar is heelwat goeie wette deurgesit en heelwat administratiewe vordering gemaak, maar die gesamentlike indruk is dié van stemmewerwery en — ongelukkig die vangery van stemme wat hulle òf reeds rotsvas agter hulle het òf wat hulle nooit sal kry nie. Die beste manier om stemme te vang is om die regte ding te doen maar daardie eenvoudige beginsel het die meerderheid van die Kabinet nog nie begryp nie.

**„Nee, volgens ons mening is daar geen gevaar van 'n spoedige verkiesing nie. Maar daar is 'n ander moontlikheid wat sy kop al baie vêr uitgesteek het,**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**naamlik dié van koalisie.**

**„Dit sou nie 'n onnatuurlike iets wees nie, want die Nattes en die Sappe verskil vandag amper nie meer wat praktiese politiek betref nie. Die skyngeveg in die Parlement gaan nog sy gang maar daar sit aan weerskante nie meer veel pit in nie."**

## Suid-Afrikaanse Jode Moet Lojaal Aan Israel Wees

**Mnr. Moshe Sharett, die Buitelandse Minister van die Joodse staat Israel het verlede Sondag meer as 2,000 mense toegespreek op die Rosebankse skougronde wat bymekaar gekom het om hom te verwelkom.**

Mnr. Sharett het verduidelik dat sy besoek aan Suid-Afrika geen politieke betekenis het nie. Dit is hoofsaaklik 'n welwillendheidsending na die Jode in Suid-Afrika, van wie Israel baie groot steun ontvang het.

**Hy het gesê dat die Suid-Afrikaanse Jode wat na Israel gaan moet verwag om hard te werk maar om terselfdertyd groot belonings te ontvang. Hoewel die Jode wat in Suid-Afrika agterbly troue burgers van die land moet wees, moet hulle ook lojale lede van hulle volk wees.**

Mnr. Sharett het hoë waardering betuig vir die hartlike ontvangs wat hom deur die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, en laasgenoemde se kabinetskollegas gebied is. Hy verheug hom oor die hartlike betrekkinge tussen die Unie en Israel. Hy het aan dr. en mev. Malan gesê dat hulle gerus Israel kan besoek en dit het hom gelyk of albei in die gedagte belangstel — veral mev. Malan.

## ALLE INDIËRS MOET GEDEPORTEER WORD SÊ GENL. SMUTS

**Genl. Smuts aanvaar die massa-repatriasie van alle Indiërs in Suid-Afrika as die enigste oplossing vir die Indiërvraagstuk, volgens 'n berig in die Hindustan Times, soos aangehaal deur die Durbanse blad Indian Views. Hierdie standpunt sou genl. Smuts in 'n onderhoud aan die Hindustan Times uitgespreek het.**

Genl. Smuts het gekla dat die Indiërgemeenskap alhier nie Suid-Afrika as hul tuiste beskou nie behalwe vir bewoning en handel. Selfs die Indiërs wat hier gebore is, kyk nog op na Indië.

Genl. Smuts het gesê dat massa-repatriasie die enigste oplossing is, en dat dit op 'n regverdige en ruime grondslag van vergoeding moet geskied. **Daar skyn geen ander uitweg te wees nie, veral met die oog op die voortdurende eis van die Indiërgemeenskap om gelyke regte met die blankes.**





KWV

-Eau de Cologne
en -Laventel



PRODUKTE VAN
SUID-AFRIKA

K97


# Kamer Van Nywerhede Wil Nasionale Beraad Oor Naturellesake Organiseer

**'n Voorstel vir 'n politieke wapenstilstand en 'n openbare simposium om in breë trekke 'n algemeen aanvaarbare naturelle-beleid te omlyn, is in Joahnnesburg gedoen deur die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Gefedereerde Kamer van Nywerhede, mnr. Ian G. Fleming.**

Hy het aangevoer dat die twee vernaamste partye in die Unie so gewikkel is in die politieke stryd dat geeneen kan beweeg sonder om onmiddellik 'n onverbiddelike reaksie by die ander te ontlok nie. Kommentaar oor die vraagstuk van buite laat hulle gewoonlik koud omdat dit in gematigde taal opgestel is.

Hy doen derhalwe aan die hand 'n openbare simposium waaraan die leiers van die partye kan deelneem en wat formeel deur hulle erken word as 'n geleentheid om verskillende standpunte te stel in 'n atmosfeer wat nie met politieke spanning gelaai is nie.

Dit behoort onder die voorsitterskap te staan van 'n regter van die Hooggeregshof of iemand van soortgelyke aansien in die maatskappy.

Hy bied die dienste van die Kamer van Nywerhede aan wat die organisasiewerk daarvoor kan doen.

### HERBETRAGTING


Na aanleiding van hierdie oproep skryf die Cape Times dat die oortuiging wat ten grondslag van mnr. Fleming se voorstel lê baie belangrik is. Hy — en baie ander mense saam met hom — glo dat die politieke benadering van die naturellevraagstuk onvrugbaar is en dat dit gevare vir die toekoms inhou waarvoor die nageslag sal moet boet. Die hele kwessie moet herbetrag word en die Kamer van Nywerhede se aanbod van sy organisatoriese dienste bied die geleentheid aan vir die daarstelling van 'n nasionale konvensie oor naturellesake waarvoor daar in die jongste tye uit verskeie oorde versoek is.


KRY LIEWER U WINTER-UITRUSTING BY

Steyns

DIE MODEWINKEL
Parow





PIONIERS


van Suid-Afrika se Sigaretnywerheid

VEERTIG jaar gelede moes Suid-Afrikaanse sigarette uitsluitlik van ingevoerde tabak vervaardig word. Die ontwikkelings wat die eie tabakblaar in staat gestel het om die ingevoerde produk te vervang, is die pionierswerk van die vervaardigers van Springbok-sigarette. Dit was hulle wat die, nou reeds geskiedkundige Departement vir Blaarontwikkeling, in die lewe geroep het, en Suid-Afrikaanse tabakboere met heelhartige geldelike en tegniese steun bygestaan het; hulle en Suid-Afrika se tabakboere het saam die fondamente van ons sigaretnywerheid gelê. As die oudste sigaretvervaardigers in die Unie, het hulle saam gegroei met die nywerheid wat hulle help vestig het.

Vervaardigers van

SPRINGBOK

Die Nasionale Sigaret




US402

DIE
# Boerejeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 31 MEI 1950

# 'Wees Uself, Wees Getrou!'

**Op 20 Mei, 1916, is hierdie wagwoord deur genl. J. B. M. Hertzog aan Jong Suid-Afrika gegee. Die Boerejeug wil dan ook niks anders wees as wat hulle is nie, nl. die jeug van die Boerevolk wat op 31 Mei 1902 sy vryheid verloor het, en getrou sal ons enduit stry vir die herwinning daarvan.**

### WEES USELF

Dit moet ook die wagwoord wees van elke Boerejeuglid afsonderlik: Om elke dag in alles wat jy doen, sê, en dink, enkel jouself te bly, en jou eie persoonlikheid aan geen vreemde invloed of persoon op te offer nie.

Hoe dikwels sien ons nie seuns en dogters van ons eie volk wat niks anders as slawe en slavinne van die uitlandse rolprent en goedkoop literatuur geword het nie! Die haarstyl en kleredrag van hierdie of daardie filmster word tot in die fynste besonderhede nageboots; die taal word deurspek met vreemde uitdrukkings; en, ergste van alles, die gedagtes en belangstelling is net so oppervlakkig.

Maar dis geen tekening van 'n Boereseun en -dogter nie! Ons bly onsself, ontwikkel ons brein deur 'n belangstelling in ons eie toneel, letterkunde, en kuns, en bestudeer ons eie volksgeskiedenis.

### WEES GETROU

En dis juis wanneer ons naspeur die geskiedenis van ons voorgeslagte, dat ons onder die besef kom van die groot taak wat op ons skouers rus: Hulle het alles feil gehad vir hul God, volk en Land, en van ons word dieselfde verwag.

Die Vryheid wat hulle so hoog geskat en liefgehad het, moes egter na 'n driejarige worstelstryd prysgegee word, en daarmee het dit óns plig geword om daardie verlore vryheid te herwin!

Ons gaan weer 31 Mei tegemoet. Vir ons volk is dit 'n dag van rou, want met die Vrede van Vereeniging, 31 Mei 1902, het ons gestaan by die sterfbed van ons vryheid. Na die ondertekening van die vredestraktaat, egter, het die Boeregeneraals reeds ooreengekom om van die eerste geleentheid wat hulle kry, gebruik te maak om hul onafhanklikheid terug te kry, en by daardie besluit lê die Boerejeug homself ook neer.

**31 Mei is vir ons dus nie slegs 'n dag van rou nie, maar ook die dag waarop ons opnuut trou sweer aan ons Vryheidsideaal!**

## Heerlike Uitstappie Gehou

Die feit dat verlede Woensdag Empiredag was, kon ons glad nie skeel nie. Ons het 'n Boerejeug uitstappie gehou en ons het dit terdeë geniet. Ongelukkig moes sommige outjies by die huis bly om te leer vir die eksamen wat voorlê, maar 'n stuk of dertig het darem kans gesien om die nare ou boeke vir een dag opsy te skuif.

Dit was 'n pragtige dag met nie 'n teken van 'n wolkie nie. Ook maar goed, want as die weer enigsins reënerig was, sou ons die hele plan moes laat vaar. In elk geval, die dag was mooi en tienuur was ons almal bymekaar op Claremont-stasie. Vandaar was dit voetslaan teen die berg uit na Kirstenbosch. Een outjie moes agterbly met die kos waar Komdt. Calie hom dan met die motor sou kom oplaai. Oom Calie het hom egter misgeloop en dit was eers hier teen halftwaalf se kant, toe die klomp begin honger word, dat hulle besef dat kos en al nog op die stasie sit. Dit is toe ook sommer gou-gou gaan haal.

By Kirstenbosch het ons 'n lekker speelplek uitgesoek en daar afgesaal. Almal was toe al so honger, veral ou Dan, en daar is ook sommer dadelik begin gemaak met die wors braai. Oom Calie was so gaaf om 'n koffiekan saam te bring — sonder koffie, melk of suiker! Na die etery het ons begin speletjies speel. Dit wou eers nie vlot nie want Max wou „perd-en-ruiter" speel, Compie wou spoorsny, Kees wou rugby speel en die dogters wou touspring. Ons het toe maar 'n bietjie van elk gedoen en daarna, onder Komdt. Calie se lat, saam begin speel. Behalwe „derde-mannetjie", „boompie-verplant" en nog ander, het ons ook „vrot-eier" gespeel, waar arme ou Dan weer die slegste van die spul eiers was.

Toe het ons gedoen wat 'n mens eintlik veronderstel is om by Kirstenbosch te doen. Dit is natuurlik om al die pragtige plante en blomme te gaan kyk. Almal wou natuurlik graag die bad sien waarin daar so baie geld lê. 'n Mens is glo veronderstel om 'n wens te wens, en dan jou muntstuk in die dammetjie te gooi. Sommige outjies was skoon verwonderd dat 'n mens jou geld sommer so kan weggooi terwyl ander

(Vervolg in vorige kolom)

(Vervolg van volgende kolom)
hul pennies gegooi het dat die water so spat. Intussen kon Alet haar verkyk aan die blomme met die blou punte. Ons het stadig begin beweeg na die hek se kant maar halfpad was daar darem nog iets interessants. Ja, dit was die visdam. Daar was kleintjies wat 'n mens moeilik raak sien en daar was van die groot ou rooies. Ons volgende mikpunt was ongelukkig die hek.

Oom Calie het sy motor propvol kleintjies gelaai terwyl die ander voetgeslaan het stasie-toe. Ons trein was gou daar, die stasies waar ons moes afklim was gou daar en die einde van die uitstappie was ook gou daar — glad te gou.

# BRIEWE-KOLOM

Beste Maats,

Hoe lyk dit dan? Wat het geword van ons korrespondente? Tog nie 'n tekort aan skryf behoeftes nie? As dit so is, laat my net weet en ek stuur jou 'n splinternuwe O.B.-skryblok. Maar dan sal jy gereeld van jou moet laat hoor! Onthou, dis nie net Boerejeugnuus wat ons van julle wil hê nie. Vertel van julself, van wat julle aangevang het gedurende die vakansiedae en wat julle nog alles gaan doen.

Ereplek onder ons briewe vandeesweek is een wat van ons vorige redakteur, Jannie du Toit kom. Julle weet seker dat hy by die leër aangesluit het en nou in Pretoria is, sommer baie naby aan die Voortrekkermonument. En miskien weet julle ook dat Jannie altyd skrikkerig was vir parades en dus ook maar bang was vir die baie dril wat vir hom in Pretoria lê en wag het. Hy skryf nou aan ons dat met die drilwerk het hy baie goed reggekom — danksy die Boerejeug. Net, die .303 geweer het sy skouer al pers gestamp. Jannie en 'n maat is spesiaal gekies om 'n sesweke-kursus in 'n baie kort tydjie deur te gaan sodat hulle twee dringende poste in Pretoria kan gaan vul. Geluk ook! Van julle wat saam met ons Pretoria toe was sal miskien ge-interesseerd wees om te hoor dat Jan die kursus op Lyttleton loop — wie sal nou ooit vir „klein-blikkie" vergeet?

Van Bellville skryf Dan du Toit hoe hy en maats verlede Donderdag op die welbekende Pieke, naby Stellenbosch, was. Dit het hulle die oggend 'n kwaai klim van meer as 2½-uur gekos om bo te kom. Die Pieke is oor 5,000 voet hoog en 'n mens kan baie ver sien. Valsbaai lê glo soos 'n dammetjie

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)
hier voor jou en die Skiereiland self lyk nie wat wonders groot nie. 'n Mens kan ver in die rigting van Malmesbury en Wellington sien. Agter jou kan jy die see in Hermanus se omgewing sien. Daar is glo geweldige hoë kranse wat vir meer as 'n duisend voet regaf loop. Hulle het klippe daar afgegooi wat 12 sekondes neem voor jy hulle onder hoor val — waar daar nie mense kan loop nie. Hulle het toe aan die voorkant afgekom, wat baie gevaarlik is. 'n Mens loop glo party plekke op 'n sevoet-breë ruggie met geweldige afgrond weerskante van jou. Hulle het darem veilig onder gekom.

Ja nee, daar was wel nie baie briewe die week nie, maar interessant was hulle bepaald. Mag ons gou weer van die twee maats hoor en mag die ander outjies ook besluit om vir ons van hul bedrywighede te laat weet. Die eksamen lê nou voor en dit kos hard werk. Ons hoop maar alles loop goed af en sonder enige nare gevolge.

Totsiens.

# VERJAARDAG-KETTING

**MEI**

31 Carle Cilliers, Wellington.
Elma Lotter, Franschhoek.
Jan Barnard, George.

**JUNIE**

1 Junith Olivier, Beaufort-Wes.
June Strauss, Upington.
Willie du Toit, Matooster.
Johanna Vermaak, Middelburg.
2 Pieter Gunter, Paarl.
Marie Sharpe, Oudtshoorn.
Paul Brandt, Potchefstroom.
Hendrina Venter, Jeppe, Johannesburg.
3 Ivan Vorster, Loxton.
Albertyn Smit, Malmesbury.
Maria Vorster, Loxton.
Erica Söhnge, Stellenbosch.
William Morland, Franschhoek.
Christian Dreyer, Frankfort.
William Kilian, Middelburg, Tvl.
Joseph Stevens, Zeerust.
4 Hendrik de Beer, Kakamas.
Dirkie Wagner, Oudtshoorn.
Annie Geldenhuys, Franschhoek.
Elma de Kock, Paarl.
5 Arnoldine Dempers, Heidelberg, K.P.
Andre Siebrits, Franschhoek.
Lettie Nienaber, Grootfontein.
6 Rachel Hugo, Rawsonville.
Elsie van den Heever, Vaalkop, Tvl.

# SOKKERSPAN IN DONKERBAAI

'n Vloedgolf wat al die ander golwe na die kabbeltjies op 'n dam laat lyk, het stadig en dreigendop gehys. Teen sy kante het die lig geglimmer en bo-op die kruin het die storm 'n wit maanhaar opgewaai.

Skipper Liebeström het na stuurboord oorgegooi om dit so vierkantig moontlik van agter te probeer vang. Hulle was so na-aan die vlak water dat hy gehoop het dit sou breek voordat dit hulle bereik. Met die versneller op sy hoogste het die „Albatros" voor die dreigende gevaar probeer jaag.

Stadig het die golf gerys en nader gekom totdat die kruin hoog bo die skip getoring het asof dit sy kans afwag om alles benede te vergruis. Jean het eenmaal na die lighuis gekyk wat links verbysnel en toe sy oë toegeknyp. Met oorverdowende gedruis het die watermassa op die agterdek neergestort.

Die „Albatros" het gesak onder die gewig en gebeef onder die golf wat oor sy dek kabbel om weer soos 'n hond te rys en die water van hom af te skud. Met 'n geweldige sprong op die kruin van die waterval het die boot voor die brekers beland.

Hulle was binne die hawe waar die vloedgolf skuimwalle ver oor die strand opgooi en bo teen die kaai aanklots. Die klein bootjies het voor anker gedobber. 'n Stilte het oor die boot gedaal.

Almal was waternat — en spraakloos. Doons en April het aan die klewerboom geklou; die seuns was voor die stuurhuis. Skipper Liebeström was by die wiel, maar langs die stuurhuis was niemand — Olaff Hansen was weg.

(Jammer maats dat ons so gou moet ophou, maar plek is min. Volgende keer meer.)

# ONS DOEL

As integrale deel van die Volksbeweging stel die Boerejeug hom ten doel die vorming en ontwikkeling van die Afrikanerjeug in en deur sy volksverband. Dit sluit onder andere in:—

1. dat die Boerejeug hom onder roepingsbewuste en koersvaste leiding stel;
2. dat hy ingewy word in die Afrikaanse Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouings;
3. dat hy sy volkstradisies leer ken en waardeer en sy volksideale sy eie maak;
4. dat hy gedissiplineer word tot erkenning van alle regmatige gesag wat oor hom gestel is;
5. dat sy Organisasie 'n middel sal wees om leiergawes te ontdek en te ontwikkel en sodoende by te dra tot die vorming van toekomstige leiers op elke gebied;
6. dat die Boerejeug, sover dit op sy weg lê, elk van sy lede na sy aard en aanleg sal vorm en ontwikkel, in voorbereiding vir sy/haar toekomstaak en diens van

GOD, VOLK EN VADERLAND.

## 'Jan Van Riedyack'

Die Britse uitsaaidiens, wat so 'n „intieme" belangstelling vir Suid-Afrika het dat die beëindiging van sy heruitsendings oor die Suid-Afrikaanse radio, groot beroering veroorsaak het, se amptelike blad bevat in sy jongste uitgawe 'n hoofartikel oor die noue bande tussen die Britse Statebondslande, soos weereens bewys deur die oorhandiging onlangs van die Britse torpedojaer Wessex aan die Unie wat dit die nuwe naam van „Jan van Riedyack" gegee het. „Jan van Riedyack" kom ook in die berig voor en vorm die opskrif vir die hoofartikel! Dit gee 'n mens nog meer lus om hierdie onkundige belangstelling te „Jan van Afjak".

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

**NET 'N PAAR ITEMS**

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... ... | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

***Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.***

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071**

*Die Vergetenes Van Duitsland (3)*

# Sowjet Se Regsmasjien Het Taak Om Slawe Te Voorsien

(Ons Duitse Korrespondent)

**„Vergeet die eerste jare, dit was 'n fout" — met hierdie woorde van 'n Russiese polit-offisier is die laaste gevangenes weggstuur. Maar die teruggekeerde soldate kan nie vergeet nie — nie die pantsergrafte by Georgienburg in Oos-Pruise, die graf van 35,000 naamlose Duitsers, en ook nie die doringdraad-jare toe epidemies, honger en terreur elke tweede kameraad langsaam te gronde gerig het nie. Hulle kan ook nie die vonnisse teen hul kamerade vergeet, wat tot tien, vyf-en-twintig jaar gevangenestraf veroordeel is nie. Die herinneringe daaraan is nog in almal se geheue en brand nog in die oë van almal van hulle wat uitgehongerd en uitgemergeld as wrakke sowel as hulle wat liggaamlik gesond teruggekeer het. Selde is daar iemand onder hulle wat meen dat die Sowjet-paradys in Wes-Duitsland uitgeroep moet word. Hierdie Kommunistiese kwelinge is dan ook versigtig genoeg om dit nie in teenwoordigheid van hul voormalige kamerade te doen nie.**

Die Russiese propagandaspreuk: „Die Ooste bou op, die Westerse wêreld lê plat" was die enigste kos wat steeds op tyd en in ryke hoeveelhede aan die gevangenes bedien was. Maar hierdie spreuk slaan om sodra die gevangenes in Wes-Duitsland aankom. In Oos-Duitsland groue, verwelkte gesigte, waarin angs en honger diep vore getrek het; kinders wat om 'n stukkie brood bedel — om daardie stukkie brood wat die gevangene as „ysterrantsoen" op hul verdere reis na Duitsland saamgegee word, om daar nie te verhonger nie. En dan die verrassing by die afklimplek in Wes-Duitsland — 'n hartlike verwelkoming, sigarette, koffie en blomme — geskenke wat aangebied word deur ou en jong hande van mense wat nie in weelde nie, maar tog goed gekleed is.

### AFGROND

In een van die kampe in Wes-Duitsland waar die teruggekeerde gevangenes deur 'n geneesheer eers ondersoek, geregistreer en dan van die nodige voorsien word, het ek kort gelede 'n klomp gevangenes ontmoet wat uit 'n kamp in . . . teruggekeer het. Ons het voor die venster van die kampgeboutjie gestaan en afkyk op die tuin met die bloeiende bome, oor die heuwels in die weste — die baie vrae waarmee ek daarheen gekom het, het onuitgesproke gebly.

Op grond van die verhale van teruggekeerdes, veral van diegene wat as oordeelkundig en objektief beskou word, het Duitsland in die jongste jare voldoende inligting gekry oor die lot en behandeling van Duitse gevangenes om heelwat lig te werp op die duisternis van hierdie vraagstuk. Die beeld onthul sulke onmenslike en onmenswaardige metodes, so 'n krasse teenstelling met die vredes- en humanitêre betuigings van die Sowjet, dat die kloof tussen Oos en Wes tot 'n angswekkende afgrond word.

### BEROOF

Wie in 1945 deur Rusland gevange geneem is, is van alles beroof wat die Oosterse oorwinnaar van waarde geag het — selfs die klere van die gevangenes, wat dan meestal omgeruil moes word vir ou, smerige en van luise wemelende vodde. Daarna het die oorbrengs na Rusland gevolg. **Onder weg — in die vreeslike koue moes groot afstande te voet of op oop trokke afgelê word — het die meeste gesterf. Veral was dit die geval by die tienduisende Stalingradsoldate wat reeds volkome uitgeput en bevrore in gevangeneskap gekom het.** Die Kurlandse leër het wapens neergelê omdat hy die versekering ontvang het dat hulle geïnterneer sou word. Toe hierdie manne in 1945 in die Russiese kampe aangekom het, was hulle nog goed gevoede mense, maar reeds na enkele weke was die meeste deur aanhoudende honger kragteloos. **Die kosrantsoen het bestaan uit 'n waterige sop en nat brood waarvan 'n groot bestanddeel klei was. Dit het soms 'n week geduur voordat die gevangenes weer 'n warm maaltyd ontvang.** In hierdie tyd het die dood 'n ryke oes ingesamel. Opgejaag, afgejak en afgetakel van honger en vermoeienis, het dan vir die oorlewendes die verhore gevolg — en vir baie die gerugte kampe in die agterland — die sogenaamde „Schweigelager" (swyekamp), die „Straf- en Sonderlager" en die „Regimelager."

### DRIE STADIUMS

'n Ontleding van die ervaringe wat deur die Duitse opsporings- en registrasie-dienste gedoen is, bewys dat die Sowjet sedert 1945 drie proses-stadiums teen die Duitse gevangenis opgebou het. Die eerste het tot 1947 geduur. Tot hiertoe was daar geen of byna geen prosesse teen gevangenes ingevoer nie. Die strafbare oortreding wat toe die meeste voorgekom het, was die „steel van eetware". As 'n gevangene daarmee betrap word, dan kry hy op bevel van die kampleier 'n pakslae met 'n stok of word hy na 'n strafafdeling gestuur.

In Mei 1947 het die tweede stadium aangebreek. „Diefstal van eetware" is toe vervang deur „die wet ter beskerming van sosialistiese eiendom" **en hierdie oortreding is as staatsmisdaad veroordeel. Die honger-oortreders is nou voor 'n militêre hof gesleep, en selde het iemand met 'n ligter straf as vyf jaar dwangarbeid daarvan afgekom.**

In 1948 het stadium nommer drie gevolg. Die planne van die Sowjet het nou duidelik aan die lig gekom — **om deur middel van sy justisie betyds voldoende slawe te reserveer (soos in 'n vorige artikel gemeld is, sou alle krygsgevangenes einde 1948 teruggestuur wees). Die honger-oortreders was nie meer genoeg nie, en ander beweegredes moes gevind word, soos byvoorbeeld „belastering van die Sowjet se instellings", „sabotasie", diensweiering," ens. Daarbenewens is krygsgevangenes betrek wat hulle nie aan enige bepaalde oortreding skuldig gemaak het nie, maar nou aangekla is dat hulle soldate was van 'n eenheid wat onder bevel teen Russiese partisane moes veg.** Verder het die prosesse begin teen die sogenaamde „Gesperrte Einheiten" (S.S.-soldate, polisiemanne, ens.)

### OOK BURGERLIKES

Maar dit was ook nog nie toereikend nie. Daar het toe prosesse gevolg teen burgerlikes. Hulle het in die berugte kamp 7099/13 in Karanganda (Wes-Siberië) beland. Totnogtoe het net een veroordeelde uit daardie kamp teruggekeer. Onderwyl aan hierdie berig geskryf word, is berig nou net ontvang dat daar met die laaste transport ook 'n paar uit Karanganda, onder wie vyf generaals, saamgekom het.

Sedert 1948 het die Russiese justisie-apparaat dus volstoom gewerk. Elke gevangene wat verdag lyk, is in 'n sentrale ondersoekingskamp gebring. In hierdie kampe het die massaprosesse plaasgevind. **Die vonnisse het meestal van 10 tot 25 jaar dwangarbeid gewissel.**

**Die Sowjet sien geensins af van die komedie van 'n verhoor nie — inteendeel, aan die op-**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**voering hiervan word alle sorg bestee. Elke uitspraak moet deur 'n skulderkennig gedek word, waardeur aan die massa die bewys gelewer word dat Rusland die behoeder van die reg is.** Hoe hierdie erkennings verkry word, sal die kampleier van die geheime polisie wel die beste weet. Dat dit nie sorgvuldig opgebou word uit bewysvoering nie, maar eenvoudig met alle beskikbare middels, deur geweld, honger en dreigemente afgedwing word, weet die hele wêreld reeds.

Nie minder gevrees nie was kamp 7444/3 in die Koukasus. Tot in die nag, dikwels met 100 man te gelyk, is die gevangenes in ondergrondse bunkers verhoor as „misdadigers teen die mensheid"(!) en veroordeel volgens 'n wetgewing van sadistiese geregtigheid, volgens 'n politieke wilsvorming, waarvolgens die mens niks meer is as 'n instrument van hierdie politieke wilsvorming nie.

## HAVENGA OOR EENHEID

Toe mnr. N. C. Havenga vir dr. D. F. Malan gelukgewens het op sy verjaardag het hy oor Afrikanereenheid gepraat. Dat ons Afrikaners één moet wees oorskadu alle ander sake, het hy gesê. „Ek hoop die tyd sal aanbreek dat ons daardie groot vrede sal maak. Laat ons na die toekoms kyk en almal inskakel wat soos ons oor groot sake dink." Aldus mnr. Havenga.


*Gebruik*

**EPOL**

GEBALANSEERDE

**RANTSOENE**

*vir*

**Maksimum-Produksie**

*en*

**Groter Besparing**

**EPOL**

S.A.P.V.

**Pluimvee Mengsels en Pille**

**EPOL**

**Suiwel- Kalf- en Varkmeel**




VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414


# DUITSLAND KAN EUROPA DALK RED MEEN SMUTS

**Die noodsaaklikheid vir die inskakeling van Duitsland in die Westerse verdediging as 'n teenwig vir die ernstige bedreiging van Europa deur Rusland, is by geleentheid van 'n huldigingsfunksie op sy tagtigste verjaardag deur genl. Smuts beklemtoon.**

**Genl. Smuts het gesê dat 'n derde wêreldoorlog voor die deur staan indien dit nie reeds begin het in wat genoem word die koue oorlog nie. Wes-Europa verkeer in die ernstigste gevaar as gevolg van sy huidige swakheid en die Russiese oormag, en laasgenoemde kan, as hy wil, binne enkele maande aan die Atlantiese kus staan.**

„Met herinneringe aan die Wehrmacht is twee oorloë, en die rampe wat sy leiers oor die wêreld gebring het, lyk dit na 'n verskriklike besluit om Duitsland weer te herstel, selfs met die doel om Europa teen 'n oorgolwing deur Kommunistiese Rusland te red. Watter risiko's word nie geneem en watter draketande nie gesaai nie!" het genl. Smuts uitgeroep.

Hierby moet in gedagte gehou word, het spr. voortgegaan, dat minstens Oos-Duitsland in die dodelike gevaar verkeer om 'n satelliet te word van sy historiese vyand.

„Duitsland se volle lidmaatskap aan die Weste as 'n gelyke sodat hy 'n volle bydrae kan lewer tot sy eie toekoms sowel as dié van die Weste met redelike waarborge, mag Rusland laat aarsel en vrede vir Europa bring. Dit mag ook lei tot daardie magsewewig in die wêreld wat op die ou end die eintlike waarborg vir wêreldvrede is.

„'n Verbeeldingryke staatsmanlike hantering van die huidige onduidelike dog swangere toestand, wat 'n beroep doen op die mens se diepere neigings en wyer beskouings in plaas van die vrees en bittere herinnerings van die verlede, mag 'n verreikende helende invloed op die wêreld hê."


TOERISTEBURO




Wanneer u 'n reis onderneem wat hotelakkommodasie, maaltye en beddegoed onderweg insluit, waarom dan uself met die lastige reëlings bemoei? Die S.A.S.-toeristeburo sal dit alles met graagte vir u reël, of u nou al per trein, padvoertuig, skip of vliegtuig gaan reis. Daar is slegs één kantoor om te besoek, net één betaling om te doen. Kán dit geriefliker?

Indien u u lugreis per Springbokdiens onderneem, en u plekbespreking deur middel van die Toeristeburo doen, sal u hotelakkommodasie in die Verenigde Koninkryk vir u gereël word.

*Spreek u naaste Toeristeburo of Stasiemeester*

S.A.S. -TOERISTEBURO

Luister na Carmen Cavallaro oor Springbok-radio: elke Dinsdag, Donderdag en Saterdag aand om 7-uur


„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.